# VIR JOU LIEFLING . . .

***Gemaak met baie liefde – 'n pragtige kussing om 'n romantiese atmosfeer te skep***

**BENODIGDHEDE:** *Coats Anchor-Stringgare in die volgende kleure: 2 stringe ligpienk (049); 1 string donkerpienk (052); frambooskleur (069); blou (0121); mosterdkleur (0874) en olyfgroen (0906). Gebruik deurgaans 3 drade. 40 cm egalig geweefde borduurstof met 21 drade per 2,5 cm (150 cm breed); 1 m ingerygde broderie anglaise-kant (5 cm breed); tapisserienaald (nr. 24).*

**AANWYSINGS:** Knip voor- en agterpant uit borduurstof, 40 x 40 cm.

Merk die voorpant se middel oor die breedte en die lengte met rygsteke. Die diagram gee een helfte van die ontwerp aan. Die middellyne word met swart pyle aangedui. Dit moet met die rygdrade ooreenkom. Elke blokkie op die diagram is gelyk aan 3 stofdrade. Die ontwerp word deurgaans in kruissteek oor drie drade geborduur en die boonste helfte van al die kruisies moet in dieselfde rigting lê.

Begin in die middel en borduur die gegewe helfte van die ontwerp.

Volg die diagram en sleutel tot diagram.

Borduur die ander helfte van die ontwerp soos 'n spieëlbeeld van die diagram.

Pars die borduurwerk aan die verkeerde kant wanneer dit voltooi is.

**AFWERKING:** Merk die buitelyn van die hartvorm met rygsteke, ongeveer 1,5 cm van die borduurwerk af.

Plaas die kant op die rygsteke met regte kante en rafelrande op mekaar. Maak by die onderste punt 'n verstekhoek van die kant.

Ryg en stik. Knip materiaal 1,5 cm van stiksel af.

Knip rugkant van kussing dieselfde grootte en plaas op die geborduurde deel met regte kante op mekaar. Ryg en stik. Laat opening vir kussing.

Knip ronding tot by stiksel.

Dop die sloop om met die regte kant na buite.

Steek die kussing in en werk die opening toe. ●




DIAGRAM VIR KUSSING

**DIAGRAM SLEUTEL TOT**

| Pêrel-gare | String-gare |
|---|---|
| | 1 - □ - 049 |
| 049 | 2 - ◩ - 052 |
| 052 | ◩ - 069 |
| 058 | ☰ - 0121 |
| 0130 | 3 - ⊙ - 0874 |
| 0301 | ● - 0906 |
| 0281 | |



